

HOËRSKOOI BASTION

AKADEMIESE INLIGTING 2022



MNR. KOEKEMOER

BOODSKAP VAN DIE HOOF

Geagte Ouers en leerders,

2020-2021 was werklik uitdagende jare vir die hele wêreld en gewis vir die opvoeding en onderrig van ons leerders, waar die grootste uitdaging verseker was om suksesvol te probeer wees in alle fasette van menswees insluitend om akademie suksesvol te bemeester.

Vanjaar met die verslapping van die Covid-19 maatreëls, is ons vol vertroue dat daar 'n redelike mate die ou normaal moontlik kan wees spesifiek in die onderwys. Natuurlik afhangend van die volgende vlae Covid, wat soos griep, met nuwe mutasies voorspel word en wat daardie impak op onderrig en leer sal wees.

Intussen probeer ons by die Bastion, om alles moontlik in plek te stel, sodat u kind die beste onderrig ontvang en akademies sal vorder na hulle vermoë. Soos per Basuiners (Waarvoor alle ouers asb. moet registreer op D6), het ek vir u ingelig dat die skool vanjaar die volgende in plek gestel het om akademiese prestasie te optimaliseer, gebaseer op die "Vervlegde" – onderrig model:

- **Akademiese aktiwiteite wat binne die klasse plaasvind, geondersteun deur**
 - **GDE-Tablette wat ons reeds ontvang het, maar beskikbaar stel sodra Wifi beskikbaar is;**
 - **Nuwe volle ondersteunende skool-Wifi wat teen Vrydag 11 Februarie in volle werking te wees;**
 - **Teams lesse met basiese leerinhoud op Tablette (ongelukkig voorsien die Departement leerstof in Engels);**
 - **Intervensieklasse en Ekstra klasse ten einde te verseker dat leerders optimaal voorberei word vir suksesse.**
- **Aanvullende werkboeke en afgerolde aantekeninge, waar van toepassing;**
- **Skakels wat die skool ontvang vir leerders om aanvullende inligting en vraestelle wat ons ontvang van die Departement; en**
- **Wolkskool ondersteuning in enkele vakke soos deur Solidariteit se SOS daargestel is. Hierdie fooi is ingesluit in die skoolfonds en kom ongelukkig nie „gratis” nie. Die skool betaal 'n groot bedrag en sal waardeur dat enige ouer wat subsidies ontvang, wat die Departement goedkeur, asseblief 'n bydrae sal lewer om dit volhoubaar te maak vir almal.**



BOODSKAP VAN DIE HOOF

U kan derhalwe verseker wees dat ons hier op die Bastion-plaas ingestel is op leer- en onderrigswyse.

Graag versoek ek dat u en u kind u vergewis van die belangrike akademiese inligting wat vir u beskikbaar gestel word, sodat u kind optrimaal kan presteer.

Soos in alle bestuursisteme is daar egter belangrike reëls waarvan u en u kind asb. kennis moet neem, sodat u kind/ers werklik volgens hulle potensiaal kan presteer.

U ontvang aanbiedings per graad asook PDF dokumentasie wat vir u van al die inligting voorsien sodat u presies weet wat die werkswyses veral m.b.t. Afsprake, die hantering van probleme en die dissiplinêre maatreëls is. Ek glo dat u begrip sal hê vir die feit dat ons personeel nie lukraak altyd beskikbaar is nie. Ek lat nie toe dat personeel hulle klasse mag verlaat om enige persone te sien nie, respekteer asb. hierdie beginsel deur afsprake te reël wat deur goeie kommunikasie en binne die Covid regulasies verseker moontlik is.

Die skool poog om alle relevante inligting op Ouergroepe te plaas ten einde u te ondersteun, maar dit vervang nie die beste kommunikasiemedium naamlik persoonlike gesprekke tussen ouers en personeel is nie, derhalwe die uitnodiging om asb. betrokke te wees deur effektiewe kommunikasie.

Ek bedank ons personeel vir hulle besondere moeite, vir u as ouers vir u ondersteuning en vir elke leerder my opregte wense dat hulle werklik volgens hulle potensiaal sal vorder.



BOODSKAP VAN DIE HOOF

'n Spesiale versoek aan ons Gr 12 leerders en ouers – Bastion streef na 100% slaagsyfer, daarom sal die skool van ons kant alles doen vir sukses, maar verwag asb. dieselfde van elke leerder. Die skool behou die reg voor om Gr 12 leerders nie vir die Eindeksamen toelating te verleen, indien leerders 'n verleentheid vir die skool en hulleself gaan wees. Werk hard en streef na 100% sukses vanjaar.

Gr 9 leerders moet asb. in gedagte hou dat hulle toekomstige vakkeuses vir hulle beroepe en/of studies naskool, bepaal word deur jou akademiese prestasies vanjaar. Die grootste uitdaging is verseker Wiskunde wat vir die meeste tersiêre inrigtings 'n vereiste is en die vak oor die jare bewys het as nie maklik veral indien leerders nie baie moeite insit nie. Die slaagvereiste vir Wiskundige vakke vir Gr 10 is 50% minimum en ek gee dit nou reeds deur, sodat ouers en leerders presies weet wat die bepaling is.

Gr 8 Leerders moet asb. van meet af besef dat hulle nie meer die laerskool is nie, en dat die vereistes vir sukses werklik selfdisipline en harde werk is. Graag versoek ek ook ons ouers om u kinders te ondersteun met 'n spesifieke studieplek, die daarstelling van 'n akademiese rooster (wat daaglik gekontroleer moet word), deeglike gekontroleerde voorbereiding vir toetse en om betyds en effektief te kommunikeer wanneer u uitdagings ondervind.

'n Ander groot probleem en uitdaging, is dat ons leerders verloor het om met begrip te lees. Graag versoek ek alle ouers om asb. u kind te help deur te vereis dat hulle baie boeke sal lees. Verbeter leesspoed en begrip deur inoefening asb.



BOODSKAP VAN DIE HOOF

Ek sluit af met 'n apel op alle ouers dat ons leerders ook betrokke sal raak met buitemuurse Aktiwiteite – Die gesegde dat "’n Gesonde liggaam huisves ,’n gesonde Gees” is steeds waar.

Ek glo dat ons 'Oppi-Bastion Plaas” ’n wonderlike en suksesvolle jaar sal hê. En wens elke gesin en in besonder vir ons leerders en personeel baie sterkte toe.

Mag 2022 die beste jaar vir die regte redes wees!

Bastion – Buffelgroete

**Mnr. Gert Koekemoer
Hoof**

Beter – Beste - Bastion




AKADEMIESE ASPEKTE VANAF PERSONEEL



- Leerders is tevrede met die minimum punte
- Huiswerk word nie belangrik geag nie
- Boeke word by die huis gelaat
- Dagboeke word nie gekontroleer nie
- Baie afwesighede
- Respek vir ander bly 'n uitdaging
- Selfone wat in klasse gebruik word sonder toestemming
- Klasontwrigting (groepsdruk en maats)
- Intervensie- en ekstra klasse word nie bygewoon nie
- Kommunikasie tussen ouers en personeel kan


IS SUKSES MOONTLIK?

VERSEKER JA





BEROEP OP OUERS



- **U SAMEWERKING = SUKSES**
- Goeie kommunikasie
- Spanwerk (Skool en ouers)
- Akademie No 1
- Deelname
- Dissipline en skoolreëls
- Intervensies
- Dagboekies

VENNOOTSKAP

- ONS IS DAAR VIR MEKAAR
- BASTION SE PERSONEEL IS BESIKKBAAR VIR U EN U KIND





ONTHOU

As jy sê jy kan nie
is jy reg

As jy sê jy kan
is jy reg
(Onbekend)

WAT IS U KIND SE KEUSE ?

KOM ONS MAAK SAAM

2022

DIE BESTE AKADEMIESE JAAR!

INTERVENSIEPROGRAMME

- Intervensieprogramme is verpligtend
- Korrespondensie word op Ouergroepe geplaas
- Tydens elke oueraand word departementele vorms geteken waar leerders nie aan vereistes voldoen nie.
- Bewyse van intervensieprogramme word aan die onderwysdepartement deurgegee.
- Intervensieprogramme is daargestel om leerders te ondersteun vir eksamensukses



AFWESIGHEDA

- Ouers moet asseblief die skool verwittig van enige afwesighede.
- Skriftelike verskoning moet ingehandig word.
- Afwesighede tydens toetse of eksamens moet 'n doktersbrief ingehandig word, indien wel kry leerder hereksamen.
- Indien die leerder nie Mediese sertifikaat inhandig nie, ontvang die leerder **geen punte** vir die toetse ens nie. (Geen ouerbrief kan as verskoning aanvaar word nie)



PERSOONLIKE INLIGTING

Verandering van kontakbesonderhede moet asseblief onmiddellik aan skool deurgee.

SA SAMS registrasie vorms is reeds voltooi, indien u nie een voltooi het nie, kontak asb u kind se voogonderwyser(es)



DISSCIPLINE

- U moet asseblief die merietes en versuime in u kind se boekie nagaan.
- 3 versuime = 1 detensie
- ***Prosedure***: telefoniese oproep, ouergesprek, interne dissiplinêr, eksterne dissiplinêr.



UITTEKEN

- Ouers moet skriftelike versoek rig om leerder vroeg uit te teken. Slegs Graadhoof of Graadvoog mag leerders uitteken
- Ouers moet leerder *persoonlik* by die kantoor kom uitteken. Geen leerder kan toegelaat word om alleen huis toe te stap nie. (Veiligheid van u kind is van kardinale belang)
- Beperk so ver as moontlik aangesien leerders baie vakinhoud in klasse mis.



BETROKKENHEID

- ✓ Gebalanseerde leerders presteer beter.
- ✓ Leerders word verplig om aan een sport - en een kultuuraktiwiteit deel te neem.
- ✓ Graad 8 leerders word verplig om alle tuisbyeenkomste by die skool by te woon



ADJUNKHOOFDE EN GRAADHOOFDE VOORSIEN U VAN DIE NODIGE INLIGTING



NOGMAALS STERKTE VIR DIE JAAR

